# Formele assesseringstaak (FAT): Gekontroleerde toets



## Individuele werk: 60 minute

### Antwoorde

**Vraag 1** [8]

1.1 A Handelsgeld ✓✓
1.2 D Ruilhandel ✓✓
1.3 B Uitreiker ✓✓
1.4 G Suid-Afrikaanse rand ✓✓

**Vraag 2** [8]

2.1 Numismatiek ✓✓
2.2 Verkope ✓✓
2.3 Slaap ✓✓
2.4 Kapitaalgoedere ✓✓

**Vraag 3** [25]

3.1.1 Geld word as ruilmiddel gebruik ten einde vir Happy die waarde te betaal wat haar diens vir die klant werd is. ✓✓

3.1.2 Geld as standaard van uitgestelde betaling sou beteken dat Happy haar verskaffers nie onmiddellik betaal nie. Sy betaal hulle egter klein bedrae totdat sy die volle bedrag afbetaal het; byvoorbeeld, die haardroër wat sy op krediet gekoop het. ✓✓

3.2 Verbruikersgoedere is goedere wat in die verbruiker se behoeftes voorsien, ✓✓ soos vrugte en groente wat op die sypaadjie verkoop word. ✓ Kapitaalgoedere is goedere wat die sakeonderneming gebruik wanneer dit sy dienste voorsien of 'n produk produseer, ✓✓ soos masjinerie (haardroërs). ✓

3.3 Persoonlike diens ✓ Happy verskaf 'n diens aan die eindverbruiker en is nie 'n middelman in die verspreiding van produkte of dienste nie. ✓✓

3.4 Formele sektor – sakeondernemings in die formele sektor sal vaste persele hê, ✓ soos die perseel wat Happy in die inkopiesentrum het. ✓
Sakeondernemings in die formele sektor moet vir belasting registreer.
Informele sektor – dit het nie vaste persele nie, ✓ soos die haarkappers wat vanuit opslaanskerms op die sypaadjie bedryf word. ✓ Hulle is nie vir belastingdoeleindes geregistreer nie.
[Enige ander geldige punt.]

3.5 Sommige formele sakeondernemings moet regsgelde vir duur hofsake betaal as ooreenkomste nie nagekom word nie. ✓ Sekere wetlike vereistes moet nagekom word, afhangende van die vorm van eienaarskap. ✓ Formele sakeondernemings se doelwitte word uitgespel en dit kan beteken dat werknemers nie veel ruimte vir kreatiwiteit het nie. ✓
[Enige ander geldige punt.]

3.6.1 'n Gesondheidsepidemie vind plaas wanneer 'n siekte buite beheer geraak het. ✓✓

3.6.2 Indien iemand wat in die informele of formele sakeonderneming met 'n siek klant of medewerker in kontak kom, kan hulle dalk ook geaffekeer word en daarom afwesig wees van die werk. ✓✓ Sakeondernemings sal dalk meer geld aan opleidingsprogramme moet bestee, want mense se lewens word kortgeknip. Meer mense moet byvoorbeeld op 'n voortgaande basis opgelei word. ✓✓
[Enige ander geldige punt.]

## Vraag 4

[9]

4.1 Afval hou gesondheidsgevare vir mense, grond en diere in. ✓ Herwinning kan as 'n manier aangewend word om besoedeling te verminder (afval word van stortingsterreine bymekaargemaak). ✓
Mense kan geld verdien deurdat hulle afval versamel en verkoop of deur herwinde produkte te verkoop. ✓

4.2 Gesondheidsdienste – noodsaaklike behoefte ✓; Behuising – noodsaaklike behoefte ✓ Rekenaarspeletjies – luukse behoefte ✓

4.3 Verbruikers koop produkte en dienste vanaf produsente wat op hulle beurt hulle produk vervaardig en aanbied om in die verbruiker se behoefte te voorsien. ✓✓

4.4
- Wettige/sosiaal aanvaarbare produsente ✓ Verspreiders ✓
- Dienste ✓
- Onwettige/sosiaal aanvaarbare produsente ✓
- Verspreiders ✓
- Dienste ✓